

**Notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op Vrydag 20 Oktober 2023 by
Galagos Country Estate, Donkerhoek**

Opening

Pastoor Willie Strydom open die Algemene Jaarvergadering 2023 met skriflesing en gebed.

Verwelkoming

Albert Bouwmeester, Streek 2 direkteur en organiseerder van hierdie jaarvergadering heet almal welkom. Hy bedank die SAPPA personeel, Galagos vir hulle fasiliteite, uitstallers en sprekers asook elke produsent en belanghebbende teenwoordig by die 2023 SAPPA Algemene jaarvergadering.

In die afwesigheid van Ivan Otto, hanteer Albert Bouwmeester (onder-voorsitter) ook die direkteursverslag.

Direkteursverslag

“Dit is nou nie my doel om ‘n verslag op ‘n negatiewe noot te begin nie, maar 2023 was ‘n uitdagende jaar met amper skokkende lae produksie syfers. Dit gesê is die teendeel waar met die verwagtinge vir eerskomende produksie seisoen.”

Die verslag onderwerpe wat die volgende insluit:

Die weselike veranderings in die personeel met die aanstelling van ‘n van nuwe hoofbestuurder, en inligtings beampte en die permanent aangestelling van ‘n transformasie assistent; die gesonde finansiële posisie en die verhoging van nie-statutêre reserwes; die aansoek om die Statutêre Maatreëls te verleng wat slegs wag vir die goedkeuring van die Minister en die publikasie daarvan in die Staatskoerant; die groter verskil in produksie tussen aan en af jare as in die verlede; produksie navorsing waarna tydens die verloop van die Algemene Jaarvergadering gekyk sal word; boomverkope ‘n voortsetting van die afwaardse tendens sedert 2018 toon; met die verwagte toename in produksie gaan markontwikkeling die kernfokuspunt vir die suksesvolle voortbestaan van die pekanneut industrie wees; die beplande verkennings- en uitreik besoek aan China; en die vordering wat gemaak word met transformasie wat 20% van SAPPA se begroting uitmaak.

Die volledige verslag is geplaas in Volume 96 van die SA Pekan tydskrif wat beskikbaar is op die SAPPA webtuiste by: <https://www.sappa.za.org/sa-pecan-archive/>

Teenwoordigheidsregister en Verskonings

Die teenwoordigheidsregister word gesirkuleer en verskoning word aangeteken vir die volgende persone.

Bill Smit, Franco Pieterse, Ivan Otto, Werner Erasmus

Vasstelling van die Agenda

Geen punte word bygevoeg by die agenda.

Goedkeuring van 2022 Notule

Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 21 Oktober 2022 te Vaalharts, word goedgekeur. Daniel Bouwer stel voor en August Fleischmann sekondeer.

Sake voortspruitend

Daar is geen sake voortspruitend.

Verkiesing van Direkteure

- Streek 1 – Ivan Otto (huidige direkteur)
- Streek 2 – Albert Bouwmeester (huidige direkteur)
- Streek 3 – Heiko Meier (huidige direkteur)
- Navorsing – Alvin Archer (genomineer deur raad)
- Transformasie – Dumisani Ndebele (genomineer deur raad)
- Markontwikkeling – David van der Merwe (genomineer deur raad)

Wimpie du Toit stel voor en August Fleishmann sekondeer.

Aanstelling van Ouditeur

Daar word voorgestel dat daar weer van Riaan Broodryk, Broodryk Kotze Inc se dienste gebruik gemaak gaan word as ouditeure. Heiko Meier stel voor en Cor Boer sekondeer.

2022/2023 Finansiële state

Die ge-ouditeerde finansiële state voorgelê.

Begroting en Vooruitskatting 2023/2024

Die begroting en vooruitskatting vir die volgende seisoen word bespreek.

Voorskou van SAPPa Inligtingsvideo's

‘n Voorskou van die SAPPa Inligtingsvideo's word aan die vergadering gewys. Hardus gee 'n opsomming van die video's wat gemaak is. Die volledige video's sal vroeg in 2024 beskikbaar wees.

Beraamde groei en vooruitskatting en riglyne vir die 2024/25 Begroting

Die vergadering stem saam dat die oesskatting vir die volgende seisoen 37 000 ton moet wees en dat die begroting daarvolgens gedoen moet word. Hanru Pienaar stel voor en John Annandale sekondeer.

Verandering van SAPPa streke

Die nuwe streeksgrense word aan die vergadering voorgelê en goedgekeur. Herlu Smith stel voor en Wimpie du Toit sekondeer.

Algemeen

Geen punte word onder Algemeen bygevoeg.

Die motiveringspreker Joey Evans vertel van sy reis van parapleeg tot Dakar deelnemer.

Insekmonitering met die fokus op FCM. Dr Justin Hatting.

Dr. Elsje Joubert gee terugvoering oor Cultar navorsing.

Dr. Nicky Taylor, Ncamsile Shongwe en Amogelang Molamu vertel van die waternavorsingsprojek.

Dr Angelique Kritzinger gee terugvoering van die bestuiwing en afspeenprojek.

Bruce Southey vertel van die koolhidraatprojek.

Wilhelm de Beer en Gerda Fourie bespreek die PSHB projekte namens FABI

Dr Gezine Coetzer bespreek die na-oes bederf van pekanneute.

Die dag word afgesluit met besoeke aan uitstallings van borge en navorsers.

Saterdag, 21 October 2023

Die verrigtinge begin met 'n virtuele aanbieding van Craig Shephard van die Applied Agriculture en Remote Sensing Centre van die Universiteit van New England, Australia.

Dr. Gert Marais gee 'n oorsig oor die UFS se siekte projekte en die verspreiding van swamme.

Stephanie MacDonald gee terugvoering oor siekteweerstandigheid van sekere pekankultivars.

Bianca Delport bespreek bakterieë wat geassosieer word met algehele agteruitgang en Estie Coetsee oor fungi wat geassosieer word met algehele agteruitgang

Dr. Gert Marais gee terugvoering op proewe wat gedoen word om swamdoders.

Hardus du Toit gee algemene terugvoer oor swambestuur en boordsanitasie.

Cobus van Rensburg bespreek Markontwikkeling vir pekans met die vergadering.

Albert sluit die vergadering af en bedank almal wat deelgeneem het aan die vergadering.

Algemeen

Geen

Afsluiting

Albert Bouwmeester
Voorsitter

Andriette de Jager
Sekretaresse

Lys van borge en uitstallers

Uitstallers

Andermatt
Arbor supply
Bioboer
Hooiland
Laeveld Agrochem
Pieterse sweiswerke
Rovic Leers
Villa

Borge van etes en verversings

Bester Fruit and Nuts
Biologiese Boerdery Konsultante
Elandsdraai Pecans
GWK
SA Pecans